Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER

## Julie 2025



"En nou, Here, slaan ag op hulle dreigemente, en gee dat u diensknegte U boodskap met alle vrymoedigheid verkondig."
HANDELINGE 4:29

# JULIE

## GEHEIME GELOWIGES

**1 Julie**

Bid vir deursettingsvermoë vir Irakse gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond, soos Yasin* (foto op die voorblad). Hy het sy gesin na Jesus gelei, maar sy gemeenskap het hom aangerand en sy huis met brandbomme gegooi weens sy besluit om Islam te verlaat.

**2 Julie**

“Toe ek die Bybel vir die eerste keer gelees het, het ek gehuil oor die pragtige woorde daarin,” sê Yasin. Bid dat die Skrif lewenskragtig sal wees te midde van die isolasie en vervolging van geheime gelowiges.

**3 Julie**

Yasin vra jou om te bid dat God hom die krag sal gee om die Evangelie met soveel mense as moontlik te deel. “Ek hoop dat hulle almal gered sal word.

**4 Julie**

Bita het Jesus by ŉ geheime huiskerk in Iran ontmoet. Sy steek haar Bybel weg en fluister haar gebede in die geheim. Bid vir onwrikbare moed en deursettingsvermoë vir vroue soos Bita.

**5 Julie**

Bid vir kinders wat gedwing word om Moslem-oortuigings te leer – selfs wanneer Islam nie hulle geloof is nie. Hulle moenie net hul daaglikse huiswerk hanteer nie, maar hulle moet ook hul vyandige kultuur navigeer.

**6 Julie**

Midde-Oosterse Christene vertel dikwels vir ons dat Jesus Homself in ŉ droom aan hulle geopenbaar het. Bid dat God meer drome en visioene na Moslems sal bring.

**7 Julie**

Dit is vir pastore in die Midde-Ooste ŉ risiko om met gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond te werk. Dank God vir pastore wat hierdie risiko neem. Bid vir pastore wat dit waag om nuwe gelowiges te ontmoet.

**8 Julie**

Toe Somayeh* die eerste keer van Jesus gehoor het in haar geboorteland, Iran, het sy een doel gehad: Om te bewys dat Christenskap nie waar is nie en Islam wel. Maar dit was voordat sy op ŉ vriend se uitnodiging by ŉ plaaslike kerk ingestap het. Vra God om Christene aan te moedig om Moslems uit te nooi om te aanbid.

*Somayeh, ŉ geheime gelowige.*





**Name verander weens veiligheidsredes.*



**9 Julie**

Somayeh het ꞌn geheime huiskerk begin wat tot 50 mense gegroei het en ꞌn plek van genesing en transformasie geword het. Bid dat God meer gelowiges sal oproep om sy Kerk te laat groei en te bevorder.

**10 Julie**

Somayeh lei nou ꞌn aanlyn bediening wat geheime Christene in Iran bedien. Sy woon ook opleidingsessies buite haar geboorteland by wat deur Geopende Deure gereël word. "Die opleiding het my begrip van God se Woord verbeter," sê sy. Vra God om haar bediening uit te brei.

**11 Julie**

Bid saam met Adam en Dina, ꞌn Egiptiese egpaar wat Jesus vanuit Islam gevolg het. Toe Adam se pa hul bekering ontdek het, het hy hul lewens bedreig. Vra God om vir hulle albei genade en moed te gee.

**12 Julie**

Adam het danksy die ondersteuning van ꞌn Geopende Deure-vennootkerk ꞌn gemotoriseerde vragdriewiel ontvang om ꞌn inkomste te verdien, en die egpaar het ꞌn veilige blyplek gevind. Bid dat hierdie egpaar in hul geloof sal groei.

**13 Julie**

Bid saam met Salim (5). Toe sy ouers hul Christelike geloof onthul het, het hy van die skool af gekom met kneusplekke en geskeurde klere, geboelie deur sy Moslem-klasmaats. Bid vir kinders wie se geloof hulle in gevaar stel.

**14 Julie**

Bid vir vrede vir Salim se ouers, wat hul seun op aanbeveling van Geopende Deure se plaaslike vennote by ꞌn skool ingeskryf het sonder om hul Christelike geloof te noem. "Dit is vir nou die enigste opsie om ons kind te beskerm," sê Salim se pa.

## JEMEN

**15 Julie**

Bid saam met die Kerk in Jemen wat swaarkry te midde van bomaanvalle, honger en die ernstige gebrek aan mediese sorg en opvoedkundige geleenthede. Bid dat hulle sal "hardloop en nie moeg word nie, loop en nie afgemat word nie" (Jesaja 40:31).

**16 Julie**

ꞌn Jemenitiese Christen het sy

*ŉ Byeenkoms van gelowiges in Bangladesj.*



gebedsversoek gedeel: “Bid dat God sal voorsien sodat ons in die komende jaar sal kan voortgaan om saam met die Kerk te staan.”

**17 Julie**

Christene in Jemen is dapper. Bid vir diegene wat moedig genoeg is om mense na hul huise te bring om te aanbid. Bid vir hulle beskerming en onderskeidingsvermoë.

## BANGLADESJ

**18 Julie**

Vra God om vir ons broer, Raju, en sy gesin te voorsien. Toe Raju Jesus gekies het, het sy werkgewer gesê hy moet ŉ keuse tussen sy geloof en sy werk maak. Vra God om Raju te help om alternatiewe maniere te vind om ŉ inkomste te verdien.

**19 Julie**

Bid dat God Raju en sy gesin deur sy situasie sal versterk, en dat hulle hoop in Hom sal vind.

## SIRIË

**20 Julie**

Sedert die val van die Assad-regime laat in 2024, weet Christene nie wat om van die nuwe owerhede te verwag nie. Bid dat die Here gelowiges sal help om tot Sy getuies te groei.

**21 Julie**

Bid vir kerke wat die afgelope paar jaar hul deure oopgemaak het vir bekeerlinge vanuit ŉ Moslem- of Druze-agtergrond. Bid vir kerkleiers en insig in hierdie nuwe politieke situasie.

**22 Julie**

Dank God dat baie Koerdiese Moslems in die noordooste van Sirië in die laaste paar jaar volgelinge van Jesus geword het. Bid dat die Here hulle sal toerus en bemagtig met alles wat hulle benodig om sterk en magtig in hulle geloof te word.

## SENTRAAL-ASIË

**23 Julie**

Bid saam met ons broer, Karim, wat sy vrou en kinders verloor het. Hy gaan ook moontlik die huis wat hy gebou het verloor omdat hy besluit het om Islam te verlaat en Jesus te volg. Vra God om altyd naby aan hom te wees.

**24 Julie**

Bid vir deursettingsvermoë vir Karim. Hy bly in sy dorp om verskeie ander gelowiges te ondersteun. Bid ook vir sy gesondheid en die agteruitgang van sy gehoor.

**25 Julie**

Prys Prys God vir somerjeugkampe wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote aangebied word. Hierdie byeenkomste bring jongmense bymekaar wat

 **Name verander weens veiligheidsredes.*

*Karim van Sentraal-Asië.*



teenkanting weens hul geloof in die gesig staar. ŉ Kampdeelnemer, Emma, deel: "Baie het in my verander. Ek dra die liefde van Christus in my hart."

**26 Julie**

Prys die Here vir ŉ bedieningspaar wat ŉ Geopende Deure-mikrokrediet gebruik het om ŉ motoronderdelewinkel te koop en te bedryf as ŉ manier van bediening, wat jongmense help om vaardighede vir ŉ beroep te leer. Bid dat hul bediening sal floreer terwyl hulle die jeug bedien wat hulle geroepe voel om te bereik.

## LAOS

**27 Julie**

Bid vir krag en hoop vir vier Christelike huiskerkleiers wat in die noorde van Laos gearresteer is. Die owerhede het by ŉ erediens ingestorm nadat hul gemeenskap hulle verkla het.

**28 Julie**

Bid vir plaaslike kerkleiers in die gebied en wysheid vir Geopende Deure-vennote wanneer hulle gesinne besoek om raad en bemoediging te verskaf.

**29 Julie**

Bid vir die 19 gelowiges in die dorp waar kerkleiers gearresteer is. Hulle leef in voortdurende vrees, aangesien die dorpenaars en owerhede elke beweging van gelowiges dophou. Bid dat hulle God ten spyte van die risiko's sal dien.

## COLOMBIË

**30 Julie**

Bid saam met ons Colombiaanse broers en susters in die inheemse gebied van Chocó, waar ŉ gewapende staking vrees onder leiers geskep het en die Kerk in hul visier geplaas het.

**31 Julie**

Pastore in Chocó vra: "Bid asseblief dat God beheer oor hierdie situasie sal neem en die Kerk sal help om Sy visie te midde van die konflik te verstaan."

*Verteeenwoordigende foto's gebruik.*

**Geopende Deure**

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129